

'n Psalm vir elke dag

Dis nie haar sake-sukses of loopbaan in die kollig wat haar voetval rig nie. Vir Elana Afrika-Bredenkamp is ma-wees en om vir ánder 'n stem te gee waar sy moet en wíl loop.

deur DAWID BRAND foto's HANNERI DE WET

Die emosionele en ekonomiese wipwarit van die afgelope paar maande het soos 'n miswolk oor my binnekant kom lê. Selfs die seisoene is deurmekaar geskommel. Een dag snerpand, die volgende versengend. Die slaap bly my ontwyk: Sê nou maar ek kry nie die Zoom-onderhoud reg soos my 10-jarige dié “nuwe normaal” die afgelope paar maande soomloos en sonder sukkel kon bemeester nie?

“Pappa moenie so stres nie,” troos my Rosa-kind vroegoggend. “As ek ballet én sang én skool aanlyn kon doen, kan Pappa ook!”

Wolk en wêreld

Elana Afrika-Bredenkamp se kenmerkende breë glimlag en bekende radiostem wat duisende daaglikse bemoedig en bemagtig, stel my gou op my gemak. Sy gesels uit haar kantoor by Jacaranda FM in Midrand waar sy *The Workzone* weekdae tussen 09:00 en 12:00 aanbied, ek vanuit ons motorhuis wat tydens die inperking vir goed my tuis-kantoor geword het.

Elana lag toe ek bieg dat dit my eerste Zoom-ervaring is. “Digitaal is eintlik baie intiem. As jy in 'n normale gesprek of vergadering is, kan jy nog dagdroom en rondstaar, maar met Zoom of FaceTime is daar nie ontvlugting nie.”

Ons gesels oor Covid-19 en tweede kans. “Vir diegene wêreldwyd wat 'n pandemie oorleef het, is dit 'n tweede kans, 'n wekroep om te herbesin oor die lewe. Daar is 'n volbringing of volmaaktheid in die dood vir dié wat uitverkies is, wat God gekies het. Maar wat doen óns wat lewe werklik elke dag?

“Ek ken twee mense wat tydens die inperking selfdood gepleeg het. Mense wat nie geglo het hulle verdien 'n tweede

kans nie. Waar was ons om hulle te help? Vyf mense na aan ons is aan Covid dood,” sê sy en veg om die tranes terug te hou.

“As gelowiges is ons dikwels so vasgevang in ons eie wêreld dat ons nalaat om na ander uit te reik. Ons sê ook so maklik: ‘As die Here ééndag kom.’ Wat as Hy besig is om nou te kom? Wat as die koronakrisis God se manier is om te sê: ‘Jy het nie die wolk gesien nie, want jy was te besig om e-posse te stuur.’ Ons is deel van die wolk, maar ons gedagtegang is te wollerig en wasig om die wolk raak te sien!

“Almal het ná die inperking 'n sug van verligting geslaak oor ons hernude vryheid, maar ons kan nie bekostig om ons geloofsleisels te verslap nie. Ons moet stilstaan by die lesse wat ons geleer het. Dis nie die nuwe normaal wat ons moet pak nie, maar die maattemmer waarmee ons álles moet meet.”

Vasbyt en veerkrachtigheid

Elana vertel van 'n Zoom-gesprek wat sy onlangs met iemand in Los Angeles gehad het. 'n Gesprek wat haar lewe verander het. “Dié vrou versorg haar man, wat motorneuronsiekte het, reeds vir ses jaar. Ek het by haar iets van hoop, vasbyt en veerkrachtigheid gesien wat ek nog nooit vantevore by enigiemand gesien het nie. In 'n stadium vra sy of ek haar man wil ontmoet en trek die skerm na waar hy in sy bed lê. Daar lê 'n man, 'n skrywer wat net sy duim en oë kan beweeg, en skielik begin sy oë beweeg en 'n rekenaarstem opgewonde praat.

“Dit het my só aangeraak. 'n Brose man wat te midde van sy omstandighede vir soveel 'n inspirasie is en huwelike deur sy skryfwerk red. En hier sit ek, ek kan my arms en alles beweeg, elke aand gaan draf. Hoeveel te meer moet ons nie doen en omgee vir ander nie? Ons het nét 'n virus beleef, tog voel ons ons hele lewe is omver gewerp.” ▶

HARE & GRIMERING: LIEZEL ZERE VAN EYE IMAGE, KORAAI TOP COUNTRY ROAD, BLOU-EN-WIT TOP ZARA, DENIM BROEK WOOLWORTHS, TEKKIES MR PRICE
FOTO'S GEFILM DEUR THE NORTHLIFF, 10 SOLUTION CLOSE, NORTHLIFF, JOHANNESBURG, THENORTHLIFF.COM



Vir Elana, haar man, die sakeman Ian Bredenkamp, en hul twee dogters, Esther Beth (5) en Annabelle (3), was die afgelope paar maande ’n seisoen van gestrooptheid. Skielik kon hulle nie meer van Donderdae tot Sondaie hul skoene in hul Kaapse huis uitskop nie, maar moes hulle in hul huis in Johannesburg laer trek en die eenvoud en kosbaarheid van saamwees herontdek.

“Ek het besluit ek gaan nie die tuisskool-ding kop toe vat nie. Ons het seker sewe minute per dag aan wiskunde spandeer en die res was speletyd. Ek het my radiowerk van die huis af gedoen en vir myself gesê: ‘Wat is die een ding wat ek wil hê my kinders moet kan doen ná Covid?’ Hulle moet voel asof hulle behoort. Ons het ons hele huis verander in ’n speelpark. Daar is ’n sandpunt in die motorhuis, daar is ’n verf-area en ons het ’n enorme groentetuin aangeplant. Ek het ook besluit om vir my kinders die Onse Vader tydens die inperking te leer.”

Vir dié ma-entrepreneur is Esther en Annabelle haar grootste prestasie en hoogste roeping. “Hulle is ongelooflik selfstandig en het baie selfvertroue. Ek het altyd gebed, gedroom om ’n ma te word en is vandag opreg dankbaar en bewus van die voorreg wat dit is om een te kan wees. Hulle het my lewe verander.

“Ek en Ian probeer hulle leer om hul unieke stempel af te druk, om hulle te laat besef hulle is geliefd en het die potensiaal om enigiets te bereik.”

Stem en skanse

Dit was juis Esther se geboorte wat tot Elana se podsending *Parent + Baby Brunch* aanleiding gegee het. “Ek het gevoel dat daar nie genoeg ondersteuning vir ouers is nie. Wat as ’n projek begin het, het ’n uitgebreide ondersteuningsnetwerk vir ouers en voornemende ouers geword.” *Parent + Baby Brunch* het tans nege mense in diens en is Apple se gewildste podsending in Suid-Afrika in die ouerskap-kategorie.

“Ek is baie dankbaar. Waar baie ondernemings in dié tyd mense afgelê het, het ons werk geskep. Covid-19 het baie dinge vir my kom bevestig: Dat ek geroep is om vir ander om te gee, om uit te reik. Ek wil die Here dank dat ek my passie kon vind, dat gee my werk kon word.”

Sy wys opgewonde haar (lang) doenlys vir die dag. “Al doen ons honderde dinge, bly die belangrikste hoe jy na jouself en ander omsien. Niks anders is belangriker as dít nie. Om aan jouself te werk is harde werk. My man is deel van dié proses. Hy het ’n verstaan soos niemand anders nie en is ’n ongelooflike pa.”

Elana het onlangs haar veertigste verjaardag gevier en sou in Griekeland wakker word, maar die inperking het ook dié planne in die wiele gery. “Ian het die dag steeds baie spesiaal gemaak; om die waarheid te sê het ek vandag die oorbelle aan wat hy vir my laat maak het. Vier diamante in elke oor, elkeen anders geslyp.

“Ek is ook so dankbaar dat ek ouers en skoonouers kan hê vir wie ek ongelooflik lief is. Dat ons op ’n vliegtuig kan klim met twee klein kindertjies wat by hul oupas en oumas in die Kaap kan gaan inkruip.”

Elana, wat aan die Hoërskool Parow gematrikuleer en ’n BA Drama-graad aan die Universiteit Stellenbosch behaal het, vertel hoe sy in ’n stadium die vermaaklikheidswêreld vaarwel wou toeroep. “Ek het nie geweet hoe ek in dié bedryf kon wees én ’n verskil in die wêreld teweeg bring nie.”

Sy is ná die Wêreldbekersokkertoernooi in 2010 sak en pak Israel toe om meer oor die Joodse geloof én haarself te leer. “Ek het vir vier maande by iemand in ’n kothuis in Jerusalem gebly en verskriklik baie geleer oor die Jode se meelewendheid en mededeelsaamheid.”

Die *Tehillim*, ’n boek met Psalms in Hebreeus en Engels, dra sy reeds vir 12 jaar oral saam met haar. Die bruin vlekke en stukkende bladsye ’n stil getuigenis van haar vaste vertroue.

Bid en blydschap

“Daar is letterlik vir elke ding in die lewe, vir alles wat met en om ons gebeur, ’n Psalm. Daar is krag in bid en blydschap. Dit is soos om ’n welriekende kers in ’n donker vertrek aan te steek. God se bemoediging wat Hy in die versreëls van Psalms verhul het.

“Ek glo vas dat gebed ’n situasie kan ontlont, kan *reset*. Gebed wen! Ons moet besef dat die krag van ons woorde lewe of dood kan bring. Ek probeer om elke dag die stem te wees wat ander herinner dat hulle ook ’n stem het. Dat ons saam die basuïen vorm wat skanse kan afbreek.

“Ons kan nie ons waarde vind of meet aan mense nie. Almal gaan nie jou gevoelens verstaan nie. Of jou sukses of jou struikeling nie. Ons kan nie goedheid gaan soek of verwag as ons nie self goed is nie. Dit is slegs by God se voete wat ons ons uniekheid ontdek. Jy gaan dit nie vind op plekke soos sosiale media nie. Jy moet eenvoudig gereeld teruggaan na die plek waar jou skeppingsdoel reeds voor die grondlegging van die aarde opgeskryf staan. Daarin lê jou waarde en waarheid.”

Van stilsit is daar oor die volgende paar maande nie sprake vir Elana nie. “Benewens my radio- en *Parent + Baby Brunch*-werk is ek besig om te skiet aan ’n rolprent in die Kaap, ons is bedrywig met ons Kersprojek Bag of Joy (bagofjoy.co.za), en ek skaaf aan ’n kinderboek wat volgende jaar uitgegee word. Maar weer eens, al die doendinge opsygesit, kan en moet ons die wêreld verander deur empatie en goedheid. Ons moet sáam ploeg. Nie eendag nie. Vandag.”

Laataand traan die eerste somerreën sag soos trooswoorde teen my kamerruit. Ek voel hoe die miskomers in my binnekant lig en ek juig dankbaar saam met die Psalmdigter (Psalm 4:9): “Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.” ■

